


**WEEK 5: 24-30 Junie (dag 29-35)**

**DAG 29 (24 Junie)**

**Filippense 4:6 "**Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met daksegging aan God bekend."

*God wil graag hê dat ons moet in gebed moet kom en vra. Hierdie verhouding tussen ons en God is belangrik, want geloof en ons verhouding met God staan en val by God se liefde vir ons. Binne enige verhouding is die deel van inligting en goeie kommunikasie noodsaaklik. Om hierdie verhouding aan die gang te hou, moet (en mag!) ons bid.*

**Gebed vir dag 29**: "Here, my begeertes vandag is... "

**DAG 30 (25 Junie)**

**1 Johannes 1:9** "Maar as ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."

*Met sondebelydenis erken en bely ek my sonde voor God, wat dit klaar weet (!). Die daad van belydenis verdiep die verhouding, want daarmee stel ek myself bloot en afhanklik en bring ek myself nader aan God. Ek bring nie nuwe inligting na die Here toe nie, maar ek maak my hart oop.*

**Gebed vir dag 30:** "Here, vergewe my vir …"

**DAG 31 (26 Junie)**

**Lukas 18:1** "Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word."

*Jesus vertel hierdie gelykenis en moedig ons aan om aan te hou 'nag'. Geloof werk soms baie goed as ons terugkyk (hindsight) en sien hoe God deurgekom het en gebede beantwoord het (selfs vir sake wat ons nie eers gevra het nie). Ons geloof word die heel tyd getoets en ons reaksie daarop moet wees: volhardende gebed.*

**Gebed vir dag 31:** "Here, dankie dat ek mag aanhou vra ..."

**DAG 32 (27 Junie)**

**Efesiërs 2:10** "God het ons gemaak wat ons nou is : in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewens te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."

*Die Griekse woord vir "ons geskep" is die woord 'poiema' – ons is God se 'poem', of 'n kunswerk uit sy hande. Dit is min dat ons so oor onsself en ander dink. Gebed skep die geleentheid vir God om aan te hou om aan ons te werk en sy meesterstuk te voltooi.*

Gebed vir dag 32: Here, dankie dat U nog nie klaar is met ons nie, hou asb aan om te werk...

**DAG 33 (28 Junie)**

**Psalm 18:2** "Ek het U baie lief, Here, my Sterkte. Die Here is my rots, my skuilplek en my redder, my God, my rots by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting."

*Daar is verskillende modelle of maniere waarop 'n mens kan bid en baie mense het sommige met groot sukses gebruik. Hierdie strukture is net hulpmiddels en nie rigiede formules nie, want die doel van gebed bly om tyd met God deur te bring, nie om reëls en wette na te kom nie.*

**Gebed vir dag 33:** Here, dankie dat ek op enige manier en enige tyd mag kom...

**DAG 34 (29 Junie)**

**Psalm 20:7b-8** "Uit sy heilige tempel verhoor die Here sy gebed; die Here gee deur sy groot mag aan hom die oorwinning. Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar ons, ons vertrou op die Naam van die Here ons God."

*Een van die struikelblokke in gebed, is sake wat ons aandag aftrek. Onthou die fokus van gebed is gebed (om te bid) en nie foutlose tegnieke nie. Vat juis die sake wat jou aandag aftrek in gebed na die Here toe, wat dalk is dit die real issues in jou hart.*

**Gebed vir dag 34:** Raak in gebed stil voor die Here, en praat met Hom juis oor die sake wat jou aandag aftrek...

**DAG 35 (30 Junie)**

**Hebreërs 4:16** "Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word."

*Daar is nie werklik 'n regte of verkeerde manier van bid nie. Die verkeerde manier is eerder die feit dat ons nie bid nie. Martin Luther het gesê: "The fewer the words, the better the prayer." Drie beginsels is belangrik: Keep it honest, keep it simple, keep it up.*

**Gebed vir dag 35:** Here, U wil ons red, dankie dat ons met vrymoedigheid kan kom...

**VIR KLEINGROEPE**

**Gaan as groep weer saam deur al 7 dae (hierbo) en praat saam oor die volgende:**

- *Gesels oor Søren Kierkegaard se stelling: "Prayer does not change God, but it changes te one who prays." Hoe was dit al waar in jou lewe?*
- Watter praktiese goed maak dit vir jou moeilik om te bid. Deel en help mekaar om planne daarteen te maak
- Wat is die een ding wat jy in hierdie week leer oor gebed?
- Watter Skrifgedeelte van hierdie week kan jou hiermee help?

- **Bid nou op die patroon van die 7 dae van hierdie week (dag 29-35)**.